

8 Mei

Efesiërs 6:10-20 (6:11)

Die volle wapenrusting

Die Here het aan ons 'n wonderlike wapenrusting vir ons stryd teen die bose magte gegee. Hierdie wapenrusting dek jou geestelik van kop tot tone. Daarmee is ek in staat om die wreedste aanslag van Satan te weerstaan. Maar let wel: Daar staan: Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee (Ef. 6:11). Jy moet die wapenrusting aantrek. As jy rustig rondloop sonder jou wapenrusting, sal Satan jou op die mees ongeleë tye oorval - met ellendige gevolge! Menige Christen het dit al tot hulle groot verdriet agtergekom. Daar staan ook: Trek die volle wapenrusting aan. As jy geen waarde heg aan die waarheid van die Bybelse leer nie, of jy lieg en bedrieg, dan is jy soos 'n soldaat sonder sy gordel. Daardie gordel is juis daar om jou swaard gereed te hou en jou vryheid van beweging te gee. Jy kan die Kategismus woord vir woord opsê en wonderlike kennis van die Bybel hê, maar as jy God nie blindweg vertrou nie, baat dit niks. Daar waar die geloof jou moet dek, bly jy kwesbaar en staan jy oop en bloot voor die vurige pyle van die Bose. As jy nie bereid is om te getuig vir Jesus Christus nie, is jy soos 'n soldaat sonder skoene op die slagveld. Dink jou in: 'n soldaat wat voetjie vir voetjie 'n vastrapplek moet soek! Jy kan twyfel. Maar as jy nie glo dat jy vrygespreek is in Jesus Christus nie, gaan Satan jou met die grootste gemak in die hart tref. As jy nie glo in die verlossende daad van Jesus Christus nie - nou en vir ewig - sal jy baie keer paniekerig en moedeloos word. As jy nie vervul met die Gees bid nie, is jy soos 'n verdwaalde soldaat wat sy kontak met die bevelstruktuur verloor het.

Die bevel om die volle wapenrusting aan te trek beteken dat ek aan elke deel van my geloofslewe aandag moet gee - van kop tot tone. Daarom moet ek die volle wapenrusting aantrek.

Ds. A.P.C. Duvenage (Emeritus)